



N.G. Gemeente Oudtshoorn

Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620

Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn

GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Erediens: 26 Januarie 2020

Prediker: Ds. Andries Potgieter.

Teks: Genesis 22: 1-13

Tema: God voorsien !

1. 'n Ruk na die vorige gebeurtenisse het God vir Abraham op die proef gestel en vir hom gesê: "Abraham!" Hy het geantwoord: "Hier is ek!" 2. God het vir hom gesê: "Wat jou seun, jou enigste seun, Isak wat jy liefhet, en gaan na die landstreek Moria toe en offer jou seun as brandoffer daar op een van die berge wat Ek vir jou sal aanwys."

3. Vroeg die volgende môre het Abraham 'n donkie opgesaal en hout gekap vir die brandoffer. Hy het twee slawe saamgevat en ook sy seun Isak. Toe het hy vertrek na die plek toe wat God vir hom aangewys het. 4. Op die derde dag het Abraham die plek uit die verte gesien. 5. Toe sê hy vir sy slawe: "Wag hier met die donkie. Ek en die seun gaan daar aanbid, dan kom ons terug na julle toe." 6. Abraham het die hout vir die brandoffer op sy seun Isak se rug getel en self vuur en 'n mes saamgevat. Terwyl hulle twee so saamloop, 7. sê Isak vir sy pa: "Pa?" en Abraham antwoord: "Ja, my seun?" Toe vra Isak: "Hier is vuur en hout, maar waar is die lam om te offer?" 8. Abraham het geantwoord: "My seun, God sal sy eie offerlam voorsien." Daarna het hulle twee saam verder gestap. 9. Toe hulle aankom by die plek wat God vir Abraham aangewys het, het Abraham daar 'n altaar gebou. Hy het die hout reggesit en sy seun Isak vasgebind en op die altaar neergesit, bo-op die hout. 10. Net toe Abraham die mes vat om sy seun te slag, 11. roep die Engel van die Here uit die hemel na hom: "Abraham, Abraham!" Hy het geantwoord: "Hier is ek!" 12. Toe sê God: "Los jou seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy My dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie." 13. Toe Abraham weer kyk, sien hy agter hom 'n skaapram wat aan sy horings in 'n bos vasgevang is. Hy het die ram gaan vat en hom in die plek van sy seun as brandoffer geoffer.

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net

Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com

Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00

E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za

Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

Lief en Leed

Baie geluk aan ons sewentigplussers wat hierdie week verjaar:

Jenny Viljoen	31 Januarie
Jane Klaasen	01 Februarie

Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:

- **Joey Strydom** van Buitekantstraat 57;
- **Jenny Mostert** van Oosthuizenstraat 12;
- **Dirk Erasmus** van Jan van Riebeeckweg 125;
- **Antoinette Erasmus** van Keyterstraat 29;
- **Peter Gray** van Jubileestraat 82;
- **Deon Haasbroek** van Luscombestraat 8;
- **Thea Lombard** van Martinique woonstel 5; en
- **Anita Bakker** van Buitekantstraat 6.
- Ons dink ook aan **Monica Vorster en kinders Thea Ferreira en Mona Landsberg** van Buitekantstraat 22 met die **afsterwe van André Vorster**. Die roudiens sal plaas vind op Maandag 27 Januarie 2020 om 11:00 van uit Welgeluk-gemeente.
- **Ons bid vir die volgende sake:-**
 - **Uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg geraak word deur die voortslepende droogte asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;**
 - **Ons betuig dankbaarheid vir die wonderlike reën wat die afgelope tyd geval het.**
 - **Vir die maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar; en**
 - **Die moeilike omstandighede van medegelowiges in veral Zimbabwe en Bosnië, waar ons betrokke is, maar ook wêreldwyd.**

Sondag: 26 Januarie 2020

- Al ons **Graad 1 – 11's** bly asb. in die kerk agter.
- Die deuroffers gaan aan die **Vrouediens**
- **Blikkies vir Barmhartigheid** is in die voorportaal beskikbaar.
- Kom geniet gerus 'n heerlike koppie koffie of tee na afloop van die erediens in die gemeentesentrum.

PROGRAM VIR DIE WEEK

Woensdag: 29 Januarie 2020

- Die **Vrouebybelstudiegroep** vergader om 09:00 en die **Mannebybelstudiegroep** om 18:30 in die konferensielokaal.

Belangrike datums vir die kwartaal: -

Saterdag: 1 Februarie 2020

- **Kerkraad: Beplanningsvergadering** om 09:00 in die konferensielokaal.

Vrydag: 7 Februarie 2020

- Maandelikse **gebedsbyeenkoms** om 06:00 in die kerk.

Sondag: 23 Februarie 2020

- **Nagmaal** om 09:00.

Woensdag: 26 Februarie 2020

- **Aswoensdag:** Begin van Lydenstyd met 'n biduur om 18:30 in die kerk.

ALGEMEEN

- **Nuwe lidmate** word versoek om u kontakbesonderhede in die boek op die tafel in die voorportaal aan te bring en ook die vorm gemerk "lidmaatbesonderhede" te voltooi en so spoedig aan die skriba te besorg.
- **Lidmaat gegewens-**
Dit sal waardeer word as u asb. die kerkkantoor in kennis stel indien u e-posadres, selfoonnommer, telefoonnommer of woonadres verander. Dit help ons om ons rekords op datum te hou.

Nismuur by die kerk:

Ons nismuur by die kerk het volgeraak. Die kerkraad het besluit om nog 48 nisse by te bou. As gevolg van die ekstra nisse moes ons die nommers van die nisse verander om die 48 te akkomodeer. Die ou nisse se plek is nog dieselfde net die nommers het verander. Lidmate word uitgenooi om te kom kyk na die nuwe nommer asb. Baie dankie vir julle samewerking in die verband.

KERKLIKE SEISOEN VAN EPIFANIE

Die seisoen na Kersfees tot en met Aswoensdag op 26 Februarie 2020 staan bekend as die seisoen van Epifanie.

Die fokus van dié seisoen is die viering van God se verskyning en bekendwording aan ons. In dié fees gaan dit oor die "verskyning" of "Godsverskyning" en die naam word herlei van die Latynse Epifanie (of Theofanie) vanuit die Griekse "epiphaneia" en "theophaneia", wat op God se verskyning / manifestasie, in Jesus dui. Epifanie verkondig dat God hiér is. Regdeur die Bybel sien ons hoedat mense van God se teenwoordigheid bewus raak en hoe hulle daarop reageer. Hulle word so diep daardeur geraak dat dit daarna hulle identiteit bepaal en dat hulle ook bereid raak om aanpassings te maak en vir hulle geloof te ly. Epifanietyd daag ons uit om voor God se aangesig te leef en ons identiteit dáár te laat vorm. God is ook op onverwagse plekke teenwoordig en ons kan aanleer om God buite ons eie kring raak te sien. Ons oë en ore moet oop wees vir eietydse simbole van God se teenwoordigheid in ons midde. God se lig het in 'n donker wêreld kom skyn. Dit kan nie uitgedoof word nie en dit begelei ons op ons lewenspad (sien bv. 1 Joh. 1:6 en Joh. 1:4-5). God praat en ons leef luisterryk. Ons het tyd nodig om in stilte by Hom te rus. Ons kan ons stemme voor Hom verloor en soos kinders steeds bly leer. Epifanietyd gee ons 'n oor vir sy hartklop aan ons deur.

Gedagte vir die week:

William Barclay het gesê "gebed is nie 'n manier om van God gebruik te maak nie; dit is 'n manier om onself aan God te gee sodat Hy ons kan gebruik. Een van die grootste foute wat ons in gebed maak; is om te veel te praat en te min te luister. Die hoogste vorm van gebed is om in stilte te wag op God se stem." Mag ons elkeen in 2020 minder praat en meer luister en wag op God se stem in ons lewens.

Welkom by die erediens, mag elkeen van ons opnuut die teenwoordigheid van die Here beleef!